SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 19 OKTOBER 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat die Gizmo Amateur Radio Forum moet aankondig dat Willem van Zyl, ZSION, op Vrydag 10 Oktober, in die ouderdom van 74 jaar, stil sleutel geraak het. Willem was vir meer as 50 jaar 'n radioamateur en vir baie jare lid gewees van die SARL.

SARL-nuus spreek sy medelye uit teenoor sy familie en vriende.

(POUSE).

In die nuus vandag:

NUUT OP DIE SARL SE WEBWERF

NASIONALE AMATEURRADIOSENTRUM - OOP OGGEND

SAATI ALGEMENE JAARVERGADERING

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede.

NUUT OP DIE SARL SE WEBWERF

Die webwerf van die SARL spog nou met 'n redelik omvattende databasis van ouderdom en waarde van amateurradiotoerusting. Met 'n maklik bruikbare tussenvlak kan u nou die benaderde ouderdom van 'n stel vasstel sowel as die prys van nuwe of gebruikte stelle bepaal of invoer.

Wanneer die databasis meer omvattend raak, sal dit 'n bruikbare gids vir Suid-Afrikaanse radioamateurs wees om die waarde van toerusting te bepaal. Tot

datum was die enigste beskikbare inligting in oorsese webtuistes in ander betaalmiddels. Hierdie is 'n eerste in Suid-Afrika.

Data beskikbaar in die databasis sluit in: jaar van aankoop, of die item nuut of gebruik was, toestand indien gebruik en natuurlik die aankoopkoste.

Die databasis word stadig opgebou met die hulp van besoekers aan die webwerf. Ons moedig u aan om die databasis te besoek en by te dra tot die inligting oor stelle wat u met verloop van tyd aangeskaf het.

NASIONALE AMATEURRADIOSENTRUM - OOP OGGEND

Die volgende oop dag by die Nasionale Amateurradiosentrum by Sentek in Radiokop, gaan weereens 'n baie interessante oggend wees.

Daar gaan 'n uitstalling wees van praktiese stelle wat gekoop en van die grond af opgebou kan word - met ander woorde, 'n bousteloggend. Dit sluit in kragbronne asook allerlei ander projekte wat self gebou kan word.

In samewerking met Gilles, ZR6GDC, wat die oggend reël, gaan 'n vervaardiger van sulke stelle, hul produkte ten toon stel asook vrae beantwoord oor wat anders deur hulle voorsien kan word.

Soos gewoonlik, sal die kantoor ook oop wees om QSL-kaarte af te haal. Kom spandeer 'n oggend met ons tussen vriende. Die ZS6OF gedenkradiokamer sal ook oop wees.

Die sentrum sal vanaf ongeveer 09:00 oopgestel wees en almal is welkom om 'n draai daar te maak. Die uitstalling sal van 10:00 tot 12:00 uur middag oop wees.

Onthou, Saterdag 1 November.

REGSTELLING AAN SARL HF GG-KOMPETISIEUITSLAG

Die volgende regstelling moet gemaak word aan die uitslag van die 2003 SARL HF GG-kompetisie. Die logstaat van Vidi, ZS1EL, is betyds ontvang. Vidi het 170 punte behaal en dit plaas hom saam met Alan, ZS1AAX, in die gesamentlike tweede plek. Wel gedaan aan al die deelnemers.

KOMMENTAAR OP DIE KWESSIE VAN BEHOUD VAN GG IN DIE VSA

Die volgende is interessante kommentaar verkry uit die nuusbrief van die ARRL van 'n week gelede betreffende die behoud al dan nie van GG as 'n lisensievereiste in die VSA:

Beskrywende GG as "die suiwerste, mees akkurate, doeltreffende, betroubare en ekonomiese vorm van radiokommunikasie ooit bedink," versoek Frank Napurano, K2OKA, die FCC om die 5 wpm vereiste te behou "in belang van publieke veiligheid, die behoud van 'n radiokuns en as 'n huldeblyk ter ondersteuning van 'n hoogs op prys gestelde en gerespekteerde roeping."

Daar is baie waarheid verskuil in hierdie enkele sin.

73 MAGAZINE Sê "73 EN QRT"

Hierdie nuusitem is ook verkort uit verlede week se nuusbrief van die ARRL.

Na voltooiing van 43 jaar van publikasie sê die tydskrif 73 Amateur Radio Today totsiens. Volgens die selfgenoemde "El Supremo en Stigter" Wayne S. Green II, W2NSD, dit was eenvoudig 'n saak van ekonomie.

Die tydskrif was 'n pionier bevorderaar van ESB, FM, vaste staat maklike konstuksieprojekte en die interkoppeling van persoonlike rekenaars en amateurradio.

Tydens die piek van sy populariteit in die 1970's en 1980's het individuele uitgawes meer as 300 bladsye van advertensies, artikels en kommentaar bevat. Inleidend tot elke uitgawe was Green se onverbeterlike "Never Say Die"– party sou sê nimmereindigende –hoofartikel waarin hy byna nooit 'n geleentheid laat verbygaan het om die ARRL en sy tydskrigmededingers by te kom vir hul gewaande tekortkomings nie.

QST se redakteur Steve Ford, WB8IMY, het gesê 73 het sy eerste artikel in die 1970's gepubliseer. "Ek was bedroef om te verneem dat se verskyning gestaak is. Wayne se opgewondenheid oor die groeiende amateur FM-herhalerverskynsel was toentertyd aansteeklik."

SAATI ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Suid-Afrikaanse Amateur Tegnologie-Instituut (SAATI) het op Saterdag die 11de Oktober sy algemene jaarvergadering gehou.
Behalwe die amptelike besigheid wat verrig moes word, is daar interessante tegniese demonstrasies gehou wat tydens die daaropvolgende sosiale geselligheid, in diepte bespreek is. Die demonstrasie van 9600 baud pakketwerking het veral baie belangstelling gewek.

Die lede van die nuutverkose bestuurspan is soos volg: President: Louis Kruger, ZR6ABC; Sekretaris: Richard Peer, ZR6CK; Tesourier: Egbert Begeman, ZS6AZG; Ander bestuurslede: Ams Amsega, ZS6YV, Barrie van Zyl, ZR6BVZ, Gawie Basson, ZR6GJJ, Mario Karny, ZS6KM, en Fritz Sutherland ZS6ASF.

Behalwe vir SAATI-lede is die vergadering ook bygewoon deur heelwat besoekende amateurs, beide die met 'n hoogs tegniese inslag en die wat minder tegnies georiënteerd is maar belangstel in nuwe bedryfsmodusse. Daar is in 'n goeie gees, heelwat geredekawel oor SAATI se toekomsstrategie. Alhoewel SAATI finansieel baie gesond daar uitsien, is die bestuur nogtans bekommerd oor die tekort aan jonger, tegnies georiënteerde lede. Daar is gevind dat die nuwe klubhuis in Alkantrand, wat SAATI met twee amateurrasieklubs deel, 'n baie besliste aanwins vir die organisasie is.

Indien u belangstel in die aktiwiteite van SAATI, skakel met Ams, ZS6YV, op 012 664 3629 of met Fritz ,ZS6ASF, op 012 997 1114 of op 083 304 0028 of stuur e-pos na zs6asf@icon.co.za.

CENTURION ARK NOV VERGADERING

Die komitee van die Centurion Amateurradioklub rig 'n versoek dat alle ou en huidige klublede die klub se volgende maandvergadering op 1 Nov om 14:00 sal bywoon te Wierdapark Scoutsaal wat gelee is op die hoek van Willem Botha- en Springbokstrate, Wierdapark.

DATUMS OM TE ONTHOU

Spesiale geleentheidstasie GB50RAEN 20 tot 31 Oktober. Die afsnydatum vir ledegeldhernuwings is nou 31 Oktober. NARS oop oggend op 1 November. Maandvergadering van die Centurion Amateurradioklub op 1 November.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX